# Ek Bid vir My Man

## Volgens die Goddelike Patroon



Nina Snyman

# Dankie

Aan Anna Pace, Vancouver Eiland, Kanada, vir haar lewenslus en aanmoediging en haar hulp met sommige van hierdie gebede.

AFR83 dui die Afrikaanse 1983 Bybelvertaling aan.

AOV dui die Afrikaanse 1953 Bybelvertaling aan.

Voorbladbeeld:
https://www.freepik.com/free-photo/closeup-shot-couple-holding-hands-table-white-reading-their-books_13563044.htm by wirestock on Freepik

# Ek Bid vir My Man

## Volgens die Goddelike Patroon

## Inhoud


1. Sy Vrou ........................................ 7
2. Sy Geloof ........................................ 9
3. Sy Werk ........................................ 11
4. Sy Rol as Man in die Goddelike Patroon ........................................ 13
5. Sy Idenititeit in Christus ........................................ 15
6. Sy Lewensdoel en Lewenskeuses ........................................ 16
7. Emosionele Genesing ........................................ 17
8. Die Wet van God: Een Ware God ........................................ 19
9. Die Wet van God: Misbruik van die Naam van die Here ........................................ 22
10. Die Wet van God: Sabbatsonderhouding ........................................ 23
11. Die Wet van God: Eer jou Vader en jou Moeder ........................................ 25
12. Die Wet van God: Jy mag nie Moord Pleeg nie. ........................................ 27
13. Die Wet van God: Sy Huwelik ........................................ 29
14. Die Wet van God: Jy mag nie Steel nie ........................................ 31
15. Die Wet van God: Jy mag nie Vals Getuienis Gee nie ........................................ 32
16. Die Wet van God: Jy mag nie Begeer nie ........................................ 34
17. Wegbreek van Veroordeling van Ander ........................................ 36
18. Vaardigheid in Kommunikasie ........................................ 38
19. ‘n Vaderfiguur vir sy Kinders ........................................ 40
20. Verhoudings met Ander ........................................ 41
21. Sy Intieme Lewe ........................................ 43
22. Sy Insig in die Woord van God ........................................ 44
23. Sy Gebedslewe ........................................ 46
24. Sy Priesterlike en Koninklike Rol in die Gesin ........................................ 47
25. Sy Leiding tydens Krisistye ........................................ 49
26. Die dag wanneer hy te ruste gelê word ........................................ 50

*Inleiding*

*1 Korintiërs 8:6 – daar is nogtans vir ons net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe.*

Die inhoud van hierdie boekie het sy oorsprong in die boekie *Goddelike Patroon van die Lewe*, deur Adrian Ebens, gratis beskikbaar op www.vadervanliefde.com.

In Sy genade het God ons teruggebring na die kennis van die Vader en die Seun, na Wie se beeld ons as man en vrou gemaak is (Gen. 1:27). Hy wys ons wat *agape* liefde is (liefde wat totaal gestroop is van alle selfsug) wat in skrille kontras staan met *eros* liefde (wat altyd selfsugtig optree).

Terywl ek hierdie gebede uitgeskryf het, is ek grootliks gekonfronteer met my eie sondes, wat my deur "die bediening wat tot die dood lei" geneem het (2 Kor. 3:7), dit is die sterwe aan self. Een van die dinge wat ek moes leer, was hoe om my man te nader omtrent 'n verskil/geskil tussen ons sonder om hom te veroordeel. Ek moes onderskei tussen "ek is reg en jy is verkeerd" teenoor "hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword." (Rom. 5:20). Die proses om my man te nader oor geskille het 'n proses geword waartydens ek ook my eie sondes in groter mate in die oë kon staar, sodat die genade van God baie meer herstel en genesing kon bring.

In hierdie gebede vra ek om vergifnis vir spesifieke sondes, waarvan die meeste uit my eie ondervindings kom. Ek glo dat sondes oorwin word deur spesifieke dinge te belei, wanneeer ons deur die Heilige Gees oortuig word, sodat die herstelproses na 'n goddelike karakter kan begin.

Ek glo in 'n God wat al my sondes raaksien en doodeenvouding "geen veroordeling" daaroor dra nie. (Rom. 8:1). Van tyd tot tyd word ek oorstelp by die gedagte dat God my bloot nie veroordeel vir enige van my sondes van die verlede nie… Hy het my nog nooit daaroor veroordeel nie… (Joh. 5:22 en Joh. 8:15). Die woorde "Dankie, Vader, vir U volle vergifnis" skiet heeltemal

tekort aan die mate van dankbaarheid wat ek vir God se vergifnis teenoor my het.

Ek glo daar is nie 'n volmaakte maat vir my man nie, maar dat ons volmaaktheid vind in 'n verhouding waarin veroordeling vervang is met aanvaarding en vergifnis. Die Here wil ons as vrouens terugbring na betekenisvolle onderdanigheid aan ons mans, waar onderdanigheid 'n veilige hawe is. God wil ons help om die rug te keer op die druk van die wêreld, wat van ons verwag ons mans te oorheers.

> *Julle voorgangers hou wag oor julle lewe en moet aan God rekenskap gee. Wees gehoorsaam en onderdanig aan hulle, want dan sal hulle hulle werk met vreugde kan doen … – Hebreërs 13:17, AFR83.*

Laat ons die groot aantal "kosbare en grootste beloftes" vanuit God se Woord aangryp:

> *Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here. Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die* ***<u>grootste en kosbare beloftes</u>*** *geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is. – 2 Petrus 1:2-4, AOV*

Ek vertel in hierdie boekie "hoe God Sy goeie hand oor my gehou het…" Mag u ook soos die mense van ouds sê: "Kom ons bou!" en die goeie werk met sterk hande aanpak. (Nehemia 2:18).

*Nina*

Hoor tog my hulpgeroep, o God,

slaan tog ag op my gebed.

Ver uit die vreemde uit, in wanhoop, roep ek na U.

Bring my op 'n rots waar ek veilig sal wees.

U is vir my 'n toevlug,

'n sterk vesting buite bereik van die vyand.

Laat my by U 'n blywende tuiste vind.

Laat my skuil onder u vleuels. (Sela)

U, o God, hoor my geloftes,

U vervul die wens van hulle wat u Naam eer.

~ Psalm 61: 2-6 ~

## 1. Sy Vrou

Met hierdie gebed lê ons onsself as vrouens voor die Here, in onderdanigheid aan Sy wil vir ons huwelik, neer.

Een van my grootste struikelblokke was (en is moontlik steeds) om op te hou om ander te veroordeel – en mense oor die algeneem, maar spesifiek ook my man. Ek moes die woorde "ek is reg en jy is verkeerd" neerlê, ook in die onderliggende dele van my menswees. Ek lê steeds die gesindhede van die verlede, wat straf verwag en vrees bring, neer. Ek het *eerlik* gedink dat die wêreld se voorskrifte van "Girls Rule" GEEN invloed op my gehad het nie en NOOIT die bron van enige huweliksprobleme was nie, totdat ek my eie verkeerde gesindhede as die bron van 'n paar van ons "huwelikslaggate" kon eien.

Ek leer nou dat onderdanigheid aan my man 'n veilige hawe is, dat geen maat vir hom ooit volmaak is nie, maar dat 'n hart van onderdanigheid en dankbaarheid uit liefde vir hom die sinkronisasie tussen ons sal verstewig, sodat ons harte in eenheid saamgebind word.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom vra nederig dat U my sal vorm tot die mens wat die volmaakte maat vir my kosbare man sal wees. Help my om getrou te wees aan my huweliks-beloftes, om in alle omstandighede deur die lewe, tydens voorspoed en wanneer rampspoed ons tref, langs hom te staan.

Help my wanneer ek somtyds toegee aan die ewigdurende druk van die wêreld dat ek die leidende en bekwame vrou moet wees wat die wêreld oor vroue uitspreek. Ek vra om vergifnis vir my foute van die verlede in hierdie verband. Help my om met oortuiging leiding te neem waar ek moet en help my om, sonder enige uitsondering, altyd aan my eie man onderdanig te wees. Ek kan dit slegs met U hulp doen, Here Jesus. Dankie dat ek U volmaakte voorbeeld van onderdanigheid aan U hemelse Vader kan volg (1 Pet. 3:3, 4).

Ek bid dat ek 'n goeie vrou vir hom sal wees, dat ek getrou sal wees in die klein dingetjies, sodat ons huis 'n gemaklike en gelukkige tuiste vir hom sal wees (Spr. 18:22). Mag ek die vervulling van U begeertes vir hom wees, om vir hom 'n hulp te wees, sy gelyke, sy sielsmaat, sy metgesel (Gen. 2:18), sodat ek

kan inpas langs hom, om sy liefde en beskerming te ontvang, sodat ons een in liefde en meelewing is. Ek wil graag alle nietige dwaasheid eenkant skuif. Ek wil graag hê dat hy die waarde van ‘n gebalanseerde karakter in my sal sien: ‘n karakter wat rustig, vredeliewend, spaarsamig, bedagsaam, vrygewig en saggeaard is – om sy behoeftes raak te sien en na hom om te sien.

Gee my ‘n verwelkomende gesindheid en bring ‘n lag op my gesig wanneer ek in sy geselskap is (Ps. 42:12, AOV), sodat hy weet dat ek hom liefhet en respekteer en hom altyd in gebed oplig, dat U hom veilig sal hou.

Ek vra dat U my die begeerte van my hart gee om altyd vredeliewend, inskiklik en bedagsaam met hom te kommunikeer – met respek, vol medelye en met goeie vrug, met onpartydigheid en opregtheid. (Jak. 3:17).

Gee my die oogsalf om raak te sien wanneer my man ‘n behoefte aan gebed het; help my om saam met hom op U te vertrou vir ‘n toename in geloof, sodat ons saam die oorwinning behaal (Ef. 6:11, 12). Ek bid dat ons albei in ryke oormaat met U Heilige Gees vervul sal word, dat U vir ons soos ‘n vurige muur rondom ons sal wees, tot heerlikheid (goeie karakter) binne-in ons (Sagaria 2:5, AOV), waar die magte van die duisternis nie kan standhou nie.

Help my om hom altyd in goeie dinge aan te moedig, sonder om toe te gee aan die versoeking om hom te kritiseer. Ek bid dat ek altyd oop sal wees vir die inspraak van U Heilige Gees, sodat my man met die krag en skoonheid van U *agape* beginsels die leiding in ons huishouding sal neem (1 Pet. 3:7).

Vader, indien my man oortree, vertrou ek dat U hom sal vervolmaak (berispe, tugtig), want hy is U kosbare seun in wie U ‘n welbehae het (Spr. 22:15). U begeer om hom in sy volle manlikheid met wysheid en insig te sien staan. Weerhou my daarvan om U werk in hom met my selfsugtige, ongeduldige houding te onderbreek; ek wil nie veeleisend en met verwyte oorkom nie. Help my om altyd na U te kyk wanneer my gevoelens seergemaak is of wanneer hy met probleme sukkel. Mag ek nooit die waarde van sy siel vergeet nie (Job 12:10). Herinner my aan my plig om hom in al sy geestelike uitdagings aan te moedig en te ondersteun.

Vader, berei ons voor om in eensgesindheid saam te werk, totdat U wil in en deur ons vervul word en ons U saam loof (Ps. 34:4). Vul my man met U goddelike beginsels en oortuigings. Mag sy hart altyd groei in agape liefde. Laat

my toe om sy seën, wat hy my gee, in steeds toenemende mate aan dié rondom my uit te deel (Deut. 30:16).

Ek bid dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

(Anna Pace het groot dele van hierdie gebed geskryf. Dankie, Anna!)

## Grootste en kosbare beloftes

*En Ek sal vir hom wees, spreek die HERE, ‘n vurige muur rondom en tot heerlikheid daar binne-in. – Sagaria 2:5, AOV.*

*Wie 'n vrou kry, vind geluk en geniet die goedheid van die Here. – Spreuke 18:22, AFR83.*

*Sy bring vir hom net voordeel, nie nadeel nie, haar hele lewe lank. – Spreuke 31:12, AFR83*

### 2. Sy Geloof

*“… die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het.” – Romeine 12:3, AFR83.*

‘n Noue huweliksverhouding maak dat ons mekaar beïnvloed op alle vlakke, ook mekaar se geloof. Wil ek graag hê dat my man se geloof toeneem om my emosionele behoeftes te pas? Ek moes my verkeerde gesindheid neerlê, vergifnis aanvaar en wegstap van alle selfsugtige begeertes vir my man, nie net omdat selfsug in negatiewe vorms na my terugkeer nie, maar omdat dit die hart van God bedroef (Gen. 6:6).

My begeerte vir my man is dat hy *een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat hy die wet onderhou nie, maar omdat hy in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee, omdat my man in Hom glo. (Fil. 3:9).*

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie dat U aan elkeen ‘n maat van geloof uitdeel (Rom. 12:3). Ek vra dat my man se geloof sal groei, sodat hy ‘n seën sal bring in ons gesin en in die gemeenskap.

Help hom om sterk te staan in sy geloof en in afhanklikheid van U. Help hom om werklik te verstaan wie U is, dat U genadig en barmhartig is, lankmoedig, vol liefde en trou (Eks. 34:6). Bring hom in ‘n nouer verhouding met U, sy hemelse Vader. Help hom om U stem te hoor en om te verstaan hoe U verlossingsplan in die Woord uiteengesit word. Bring geestelike groei; open sy hart sodat die hart van klip vervang word met ‘n hart van vlees (Eseg. 11:19). Help hom om te glo dat hy alles van U, sy hemelse Vader, ontvang het (Ef. 1:3) en dat U alles wat hy nodig het, sal voorsien.

Wanneer sy gewete oorlaai word met ‘n sonde-besef, help hom om sy desperate situasie te sien, asook U agape liefde vir hom, met U volle vergifnis. Mag hy die sagte stem van die Heilige Gees se oortuiging hoor. Help hom om U en U koninkryk te sien soos dit werklik is – in ‘n liefdevolle karakter.

Help my om my geloof en vertroue in U te plaas, dat U my man sal lei in al sy weë, sodat daar geregtigheid tussen ons (die regte manier van leef) sal wees (Gen. 15:6). Help my om hom te ondersteun in sy geloof, om sy geestelike pasmaat te wees, om been van sy gebeente en vlees van sy vlees te wees (Gen. 2:18, 23).

Gee aan hom die geloof wat werk deur die liefde, geloof wat die siel reinig. Help hom om sy geloof toe te pas, selfs al is alles voor oë teenstrydig met sy geloof. Ek vra dat hy die seën van Abraham sal ontvang, as gevolg van sy geloof en die geregtigheid van Christus (Gen. 15:6).

Ek vra dat my man sterk en stewig sal bly staan vir sy geloof in U totdat dit tyd word dat hy te ruste neergelê word.

Ek vra dit in die Naam van U kosbare Seun, Jesus Christus. Amen.

# Grootste en kosbare beloftes

*Maar volgens die Skrif is die hele wêreld vasgevang in die greep van die sonde; die belofte word dus vir die gelowiges vervul [gegee] alleen op grond van die geloof in [van] Jesus Christus. – Gal. 3:22 (sien King James Vertaling in Engelse Bybel).*

*Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in [van] Jesus bewaar. – Open. 14:12, AOV*

## 3. Sy Werk

Vandag se ekonomiese omstandighede vereis dat meer tyd by die werk bestee word as wat God bepaal het. Die wêreld probeer slawe van ons maak deur die ekonomiese behoeftes van gesinne. Oor die algemeen is mense onder die indruk dat dit goed is om werkstyd te maksimeer en tye van rus en verkwikking te minimeer. Dit is sekerlik goed om hard te werk – luiheid dui 'n tekort aan sorgsaamheid aan (Spr. 18:9). Nogtans kan ons die Here vertrou vir werksomstandighede vir ons mans, waar 'n gesonde balans tussen die gesin se ekonomiese, geestelike en emosionele behoeftes gehandhaaf kan word.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek vra dat my man 'n stabiele werk en inkomste sal hê, wat die nodige stabiliteit bring en aan ons behoeftes voorsien. Gee hom 'n inkomste wat sy lewensdoel weerspieël. Ek vra dat hy sy werk sal geniet en dat hy gedurigdeur meer en meer sal uitblink in sy werk.

Indien hy iets doen wat nie inpas met U wil vir sy lewe nie, wys hom hoe en waar om U weë te volg. Help hom om die beginsels waarvolgens inkomste verdien word, soos uiteengesit in U Woord, te verstaan. Beskerm hom van situasies by die werk waar hy versoek word om oneerlik op te tree, of om Bybelse beginsels eenkant te plaas. Beskerm hom van regstappe teen hom en verseël die lippe van dié wat negatief teen hom praat (Ps. 140:10). Help hom

om op te staan vir ander, soos wat Daniël gedoen het toe hy vir sy kollegas opgestaan het nadat hulle ter dood veroordeel is, omdat hulle nie die koning se wense kon uitvoer nie (Dan. 2:23, 24).

Dankie vir die spesiale tye van verkwikking, wanneer ons ons werk eenkant toe kan skuif en in U teenwoordigheid kan kom om te vra vir leiding, krag en lig, om met nuwe moed vorentoe te kyk en weer die werksomgewing in te gaan. Verenig ons gedurende hierdie tye van verkwikking, wat elke dag na ons kom, asook weeklikse, maandelikse en jaarlikse feesdae. Dankie vir U beloftes van beskerming op sy inkomste, dat dit nie vernietig sal word nie (Deut. 28:1-6).

Dankie vir U beloftes dat my man altyd 'n geleentheid sal hê om genoeg inkomste vir ons behoeftes te verdien, selfs in onstabiele tye van hierdie wêreld. Dankie dat ons nie na die wêreld se standaarde hoef te kyk nie. Dankie dat U ons Voorsiener van al ons behoeftes is, dat U ruim voorsiening maak, op die regte tye, sodat ons met ander ook kan deel.

Ek vra dit in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.

## Grootste en kosbare beloftes

*Die Here laat die mens wat reg doen, nie honger ly nie… – Spreuke 10:3, AFR83.*

*Dit gaan goed met die mens wat sy hulp van die God van Jakob ontvang,… Hy … gee brood aan dié wat honger ly. – Psalm 146:5, 7, AFR83*

*Kyk, Ek het vir <jou man se naam> uitgekies …. Ek het hom toegerus met my Gees sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen. – Ekodus. 31:2,3, AFR83*

*As jy goed luister na die Here jou God en jy gehoorsaam al sy gebooie wat ek jou vandag gee, en jy lewe daarvolgens, sal die Here jou God jou oor al die nasies van die aarde stel. As jy luister na die Here jou God, sal al hierdie seëninge oor jou kom en jou lewe verryk. Jy sal*

*geseën wees in die stad, jy sal geseën wees in die oop veld. Jou nageslag sal geseën wees, en die opbrengs van jou lande en die aanteel van jou diere, jou kalweroes en jou lammeroes. Jou oesmandjie en jou knieskottel sal geseën wees. Jy sal geseën wees waar jy ook gaan. – Deuteronomium 28:1-6, AFR83*

## 4. Sy Rol as Man in die Goddelike Patroon

Ons is as man en vrou gemaak na die beeld van God (Gen. 1:26; Joh. 17:21). Ongelukkig is die beeld van God in ons as mens deur sonde verdraai. Jesus het die pad na herstel weer oopgestel.

Christus, as die Seun van God, is die volmaakte voorbeeld (die goddelike patroon) van beide onderdanigheid en leierskap. Jesus het Homself volmaak onderdanig gestel aan Sy Vader, nogtans het Sy Vader in Sy onderdanigheid aan Hom die Naam wat bo elke naam is, gegee (Fil. 2:5-11). Dit maak die onderdanigheidsbeginsel die eerste vereiste van leierskap. Ons as vroue het Christus se volmaakte voorbeeld van onderdanigheid en dankbaarheid. Ons kan ons mans aanmoedig om hul rol van leierskap op te neem deur ons onderdanigheid aan hulle. Dit stel die kanaal van seën oop. God het in Sy Wysheid hierdie rolle voorsien as geleenthede om ons te seën.

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie vir die openbaring van wie U is, dat U 'n hemelse Vader vir ons is, en dat ons U kan nader deur U Seun, Jesus Christus, dat ons die sagmoedige en onderdanige Gees van Christus kan opneem. Ek vertrou dat U my en my man sal lei in ons onderskeie rolle in die goddelike patroon.

Vergewe my vir my foute van die verlede, die tye toe ek U nie vertrou het nie, en daarom my hart gesluit het teenoor my man se seën, sodat ek dit nie kon ontvang nie. Dankie vir U volle vergifnis. Dankie vir die geleentheid wat U my gee om hom te ondersteun.

Help hom om te verstaan dat hy alles van U ontvang, en help hom om sy seëninge te waardeer. Help hom om 'n seën te wees vir ons as gesin, sowel as

die gemeenskap, deur dade van dankbaarheid vir dit wat hy van U ontvang. Help my om hom te ondersteun in sy pogings om ander te seën.

Ek vra vir duidelikheid, by beide myself en my man, dat ons niks goeds in onsself het nie (Rom. 3:10, 11), en dat ons die lewe wat ons het gedurig van U ontvang (Ps. 36:9; Joh. 4:14), dat dit onmoontlik is om enige lewe vanuit onsself in ons huweliksverhouding te plaas. Beskerm ons van verwagtings van mekaar om vervulling te smaak. Dankie dat ons alle goedheid van U kan ontvang, want U is die Gewer van alle goeie en volmaakte gawes (Jak. 1:17).

Dankie, hemelse Vader, dat U die seën van vergifnis, onderdanigheid en dankbaarheid in ons huweliksverhouding uitstort. Ek vertrou op U om ons gedurig nader aan die oorspronklike plan van agape liefde te bring. Amen.

(Bron: *Oorspronklike Liefde*, deur Adrian Ebens.)

## Grootste en kosbare beloftes

*Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar. – Johannes 1:18, AOV*

*Want <u>by U is die fontein van die lewe</u>; in u lig sien ons die lig – Psalm 36:10, AOV.*

*… Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet. – Openbaring 21:6, AFR83.*

*"Kom na My toe, … en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en <u>leer van My</u>, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig." – Matteus 11:28-30, AFR83.*

*Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense. – Markus 10:45 AFR83*

## 5. Sy Idenititeit in Christus

*En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Matthéüs 3:17, AOV*

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek vra dat U <my man> help om sy identiteit in Jesus Christus, die Seun van God en Seun van die Mens te vind. Gee my man die grootse openbaring dat U, hemelse Vader, hom aanvaar en bemin, deur U Seun, Jesus Christus (Matt. 3:17). Help my om te verstaan dat ek aanvaar en bemin word deur my man, deur die aanvaarding en liefde van Christus.

Help hom om te verstaan dat U die bron en fontein is van alle lewe. Help hom om weg te beweeg van alle ander bronne met leë beloftes van sukses in die lewe. Help hom om te verstaan dat alle skatte van wysheid en kennis in Christus verborge is (Kol. 2:2, 3). Help hom om te verstaan dat U deur U Gees aan hom goeie bekwaamheid gee (Eks. 31:3). Help hom om te besef dat al sy talente van U kom.

Openbaar aan hom dat hy 'n spesiale plekkie in U hart het, dat U oneindige goeie gedagtes oor hom koester (Ps. 40:6; Luk. 12:6,7). Openbaar aan sy hart die betekenis van die woorde: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het." (Matt. 3:17). Help hom om sy waarde en dié van ander binne 'n verhoudingskonteks te vind, sonder om dit op vaardighede en bekwaamheid te baseer.

Tydens krisisse en mislukkings, help hom om na U as sy hemelse Vader, deur U Seun Jesus Christus, te draai, sodat volle herstel kan plaasvind (Ps. 107:28). Wys hom hoe om mislukkings met kalmte te aanvaar. Dankie dat U sy skuld en onsekerhede verwyder en dit vervang met 'n sin van sy identiteit en waardigheid as U kosbare seun. Dankie dat U by hom is om te help fokus op Christus as sy bron om behoefte te vervul, en om te fokus op U doel vir sy lewe. Dankie dat U hom sal oprig om weer sukses te behaal, met dankbaarheid vir U werk in sy lewe (Ps. 107:29-31).

Dankie, Here, dat U U liefde en sorg aan ons toon deur U Seun, Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Identiteitsoorlog*, deur Adrian Ebens)

## Grootste en kosbare beloftes

*"Word vyf mossies nie vir twee sent verkoop nie? Tog word nie een van hulle deur God vergeet nie. Selfs die hare op julle kop is almal getel. Moenie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies." – Lukas 12:6-7, AFR83*

*Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. – Johannes 15:13, AFR83.*

… Hy is nie ver van enigeen van ons af nie, want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons. … 'Ons stam ook van Hom af. *– Handelinge 17:27-28, AFR83.*

### 6. Sy Lewensdoel en Lewenskeuses

*"Ek weet, Here, die mens kan nie self sy pad kies nie, niemand kan self sy koers bepaal nie." – Jeremia 10:23, AFR83*

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek vra dat U oor my man se lewenspad beskik. Toon aan hom U beginsels, sodat hy belangrike keuses volgens U Woord se beginsels sal maak. Wanneer hy besluite moet maak wat nie duidelik in U Woord uiteengesit is nie, gee hom rigtingaanduidings wanneer hy na U draai vir oplossings. Bewaar hom van verkeerde besluite.

Help my om nie sy keuses te beïnvloed sodat dit my selfsug pas nie. Help my om hom volle vryheid te gun om die keuses te maak wat hy moet maak, om sy lewensdoel te verstaan en hom daarin te ondersteun, veral gedurende tye van veranderinge aan sy lewensdoel, wanneer ernstige besluite geneem moet word, as dit ooit nodig sou wees.

Ek weet U stap die herstelpad saam met ons wanneer ons van U afgedwaal het (Ps. 107). Ek vra dat U aan my, as sy vrou en hulp, die genade en geduld sal gee wanneer hy die gevolge van swak lewenskeuses moet dra. Dankie vir U beskermende vleuels oor my gedurende sulke tye. Help my om nie saam met hom tot 'n val te kom nie, maar om met my eie keuses op U Woord en by U beginsels te staan (Ps. 119:43). Ek vra om vergifnis vir my verkeerde en negatiewe gesindhede. Was my skoon van veroordelende gesindhede en vul my met die deernis van Jesus, want ek wil graag soos Hy wees.

Dankie dat U ons wye ruimte gee om U bevele te ondersoek (Ps. 119:45). Dankie dat U sy lewenspad sal bepaal wanneer hy sy siel na U ophef. Dankie dat U hom sal toerus vir 'n ewige lewe in diens van U koninkryk, onder U Seun, Jesus Christus. Amen.

## Grootste en kosbare beloftes

*"…maak my bekend die pad wat ek moet gaan, want ek hef my siel op tot U." Psalm 143:8, AOV*

*Aangaande die handelinge van die mens, ék het deur die woord van u lippe die paaie van die geweldenaar vermy. – Psalm 17:4, AOV.*

*en dat U my voete in die blok sit en al my paaie bewaak? U trek vir U 'n streep om die sole van my voete. - Job 13:27, AOV.*

*Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie … Liefde en trou is die paaie wat die Here bewandel met dié wat sy verbond en verordeninge bewaar. – Psalm 25:4,10, AFR83*

## 7. Emosionele Genesing

*"Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil." – Psalm 23:3*

*"Tot U, o HERE, hef ek my siel op. My God, op U vertrou ek; laat my nie beskaamd staan nie … Bewaar my siel en red my; laat my nie beskaamd staan nie, want by U skuil ek." – Psalm 25:1, 2, 20.*

Ons is almal gemaak met unieke redeneringsvermoëns en met unieke maniere om emosies uit te druk. Sonde het 'n verwoestende effek op beide hierdie dinge gelaat. My eie ondervindings is dat my emosionele wanbalans toeneem wanneer ek van sonde oortuig word. Die alewige stryd met sonde maak my gemoed stormagtig, sodat sonde-vergifnis 'n baie balangrike deel van herstel in my siel is. God bring herstel en rus vir ons siele, wat begin by vergifnis (Mar. 2:9,10).

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie dat ons na U kan draai vir sielerus en sielsverkwikking (Ps. 23:3). Dankie dat ons kan rus vind in Jesus Christus, want Hy vind rus aan U boesem (Joh. 1:18), ook gedurende die bepaalde tye van rus (Exo. 31:17). Ek vra ernstig dat ek as vrou 'n standvastige karakter sal hê, sodat ek geen struikelblok op enige manier vir my man sal wees, wat aan hom negatiewe emosies sal bring nie.

Staan hom by met die balans tussen heiligmaking (karakterbou) en emosionele rus (sielsverkwikking). Help hom om die mees prominente sonde van almal te erken: selfsug. Ek vra namens hom (en myself) om vergifnis vir die selfsug in ons. Dankie vir U volle vergifnis en herstel in hierdie verband.

Help hom om U te vertrou vir ons veiligheid gedurende spanningsvolle tye van nood, en gee hom asseblief die nodige slaap (Ps. 4:9). Versterk sy geloof in U, sodat positiewe emosies aangewakker word, en negatiewe emosies geen plek vind nie, en dat die emosionele herstel al sy verwagtinge oortref. Gee aan hom 'n duidelike beeld van Jesus Christus se genesing en hulp in moeilike omstandighede. Gee aan hom die sagte hart van die Gees van Christus. Open sy geestelike oë vir die wonderlike offer wat U in die eniggebore Seun aan ons gegee het, om vir ons te sterf.

Help hom om gedurig sy wil aan U te onderwerp, om te glo dat God bedoel wat Hy sê: mag hy gedurig weet op Wie hy vertrou, mag hy daarvan oortuig

wees dat God magtig is om dit wat hy aan God toevertrou het (sy siel), tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou (2 Tim. 1:12). Dankie vir die versekering dat hy elke dag kan triomfeer in U, wanneer hy elke emosie, elke gedagte onderhewig aan die wil van God bring. Herhinner hom dat hy sy siel aan U toevertrou het en dat U daarna sal omsien. Ek dank U vir sy volle siele-herstel.

Dankie vir die rus wat U aan sonde-deurdrenkte siele bring (Jer. 6:16; Matt. 11:29.) Ek bid dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

## Grootste en kosbare beloftes

*… luister tog uit die hemel, u woonplek, vergeef en gryp in, …want net U ken elke mens se hart. - 1 Konings 8:39, AFR83*

*So sê die Here: Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind... – Jeremia 6:16, AFR83.*

*Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. – Matteus 11:29, AFR83.*

*Ek wil juig en bly wees in u goedertierenheid, omdat U my ellende aangesien, my siel in die benoudhede geken het. – Psalm 31:8., AOV.*

*Een mens kan tog nie 'n ander loskoop van die dood en aan God 'n losprys vir hom betaal nie. Die prys vir 'n mens se lewe is te hoog… - Psalm 49:8-9, AFR83.*

## 8. Die Wet van God: Een Ware God

*Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die*

*hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. – Exodus 20:2-6., AOV*

Ons hemelse Vader gee Sy spesiale onverdeelde aandag (oorsig en sorg) aan mense wat nie volgens Sy weë grootgemaak is nie. Hy besoek hierdie mense in Sy ewige liefde en goedertierenheid (Ps. 136), terwyl Hy terselfdertyd ook ons vrye keuse respekteer, wat meebring dat liefde vir Hom in ons kan groei. Ek glo liefde plaas nooit druk op ander toe nie, want dit sal liefde sonder vryheid van keuse wees (Luk. 1:74; 1 Joh. 4:18). Wanneer ons wegdwaal van God af, gee Hy spesiale aandag aan ons, want Hy is jaloers op ons aandag. Hy stap die pad na herstel saam met ons. Hy dwing ons nooit om Hom te dien nie (Ps. 107).

Hierdie siening van God verskil heelwat van die siening van God wat ek voorheen gehad het. Inteendeel, die kloof tussen die twee is so groot en wyd dat ek Hom om vergifnis gevra het dat ek 'n god aanbid het wat soveel verskil van die liefdevolle en sorgsame Vader wat Hy is. Sedert ek vergifnis ontvang het omtrent hierdie heidense praktyke (sommige praktyke is baie naby aan afgodsdiens), het ek baie meer vrede en vryheid in my verhouding met my hemelse Vader gevind, asook in my Bybelstudies en gebedslewe.

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie dat U die een ware God is en dat U ons vrymaak van sondeslawerny (Eks. 20:2; Joh. 17:3). Help my man om U, hemelse Vader, as die kosbaarste in sy lewe te ag. Help hom om sy prioriteite so te kies dat hy duidelik sal kan onderskei indien iets tussen hom en U inbeweeg.

Ek vra dat U aan hom duidelikheid sal gee omtrent U goddelike jaloesie. Ek vra dat U aan hom spesiale aandag sal gee op tereine waar hy nie deur sy ouers

in U weë grootgemaak is nie. Help hom om foute van die verlede te erken en om te groei in U beginsels en in U weë, sodat sy insig in Wie U is, kan toeneem.

Ek vra dat U hom (en myself) sal vergewe waar hy U weë op ander afgedwing het. Openbaar aan hom die volledige proses wat U met elkeen van ons deurgaan, om ons te bring waar ons self die besluit neem om terug te draai na U. Help hom om in te sien dat U regstaan om elke harde deel van sy hart met 'n hart van vlees te vervang. Help hom om U te ken as 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou.

Help my man om enige keuses, waar die wêreld sy beginsels op ons as gesin afdwing, te erken. Help hom om op U te vertrou vir ons gesin se beskerming. As die wêreld sy reëls en regulasies, wat moontlik teen U beginsels indruis, op ons gesin afdwing, lei sy gedagtes om oplossings te vind. Gee hom 'n standvastige geloof in U as die een ware God, en in Jesus Christus, wat U gestuur het. Versterk hom om die wêreld se dreigemente, oor moontlike negatiewe gevolge, te verdra – wetend dat dit baie beter is om steeds net op U te vertrou vir beskerming in moeilike tye (Rom. 8:35; Joh. 17:3).

Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Vader van Liefde*, deur Kevin Mullins)

## Grootste en kosbare beloftes

*Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. – Deut. 6:4, AOV*

*En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag. – Exodus 34:6-7, AOV*

*Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees.*
*– Psalm 103:10-11, AOV*

*Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! – Romeine 8:15, AOV*

## 9. Die Wet van God: Misbruik van die Naam van die Here

*Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.*
*– Eksodus 20:7, AFR83.*

*… laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. – Matteus 6:9, 10, AFR83.*

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie dat U Uself aan ons openbaar as 'n hemelse Vader. Toon Uself ook aan my man op so 'n manier dat hy U Naam en U karakter in alle omstandighede sal heilig.

Vader, ek vra U dat U my sal vergewe waar ek die naam van my man "misbruik" het, deur negatief van hom te praat. Vergewe my ongeduld en frustrasies met sy tekortkominge. Help my om wysheid toe te pas wanneer dinge skeefloop. Help my om in U te glo, dat U sy goeie karakter en sy goeie naam sal bou, tot eer van U Naam. Dankie vir U vergifnis van al hierdie dinge.

Ek vra dat U die gesproke woorde uit sy mond suiwer en rein sal hou, vry van die misbruik van name. Staan hom by in moeilike omstandighede, wanneer ander om hom U Naam misbruik. Indien hy die individu moet aanspreek, gee hom wysheid en geduld vir die hantering van die saak.

Gee aan hom 'n liefde vir U Woord en U karakter. Dankie dat hy die prag van U Naam kan waardeer. Laat hierdie Naam vir hom 'n sterk vesting wees

waarheen hy kan vlug vir skuiling (Spr. 18:10). Dankie dat hy U sterkte kan aanskou deur U karakter, wat in goedertierenheid gedemonstreer word (Ps. 62:12, 13). Dankie dat U aan my man U weë en U krag bekendmaak.

Ek loof U Naam en die Naam van U kosbare Seun, Jesus Christus. Amen.

(Bron: VadervanLiefde.com)

## Grootste en kosbare beloftes

*Daarom vertrou almal wat u Naam bely, op U, want U, Here, laat dié wat vra na u wil, nie in die steek nie. – Psalm 9:11, AFR83.*

*Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!*
*– Psalm 8:10, AFR83.*

*Ons wil juig oor u oorwinning en die vaandels opsteek in die Naam van onse God. Mag die HERE al u begeertes vervul! – Psalm 20:6., AOV*

## 10. Die Wet van God: Sabbatsonderhouding

*Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.*
*– Exodus 20:8-11.*

Ons het die Sabbat op ‘n redelike gevorderde stadium van die lewe as gesin begin onderhou. Ons kinders was ouderdomme 9 tot 13 jaar. Ons het aanvanklik die diepere betekenis van die rus van werk en bevryding van sonde in Sabbatsonderhouding misverstaan. Tog het God ons stadigaan na ‘n beter insig oor die wyer betekenis van die Sabbat gebring. Ons sien nou die diep,

sterk verhoudings wat met ons hemelse Vader en ons medemens gebou word gedurende hierdie tye van diepe rus. Laat ons God vertrou dat Hy ons na Sabbatsonderhouding (en rus) wat op verhoudings gebaseer is, sal lei.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek vra dat U die belangrikheid van sabbatsrus en die krag van hierdie fontein, aan my man sal toon. Help hom om die seën wat tydens sabbatsure beskikbaar is, te ontvang en te omarm. Help hom om die verband tussen hierdie gebod (die Sabbat) en al die ander gebooie duidelik te sien. Help hom om die prag van al die gebooie te sien deur hierdie bron van alle gebooie, naamlik die sabbat. Help hom om die rede vir U wet in te sien: om rus en vrede in U te vind (Ps. 119:165).

Vergewe ons as egpaar indien ons die sabbatsonderhouding met 'n roede toegepas het, sodat alle vreugde en aanvaarding van U aanbod van rus en vryheid versmaai word. Vergewe ons dat ons die verkeerde indruk van die Sabbat aan ander oorgedra het. Herstel wat herstel moet word en bring U volledige genesing.

Ek vra dat U sy hart sal oopstel vir fisiese, emosionele en geestelike rus tydens die Sabbat. Herstel hom – na liggaan, siel en gees – van die lewe se spanning en bekommernisse. Help hom om sy hart na U op te lig met lofsange en dankbaarheid tydens hierdie kosbare sabbatsure.

Ek vra dat U sy gemoed sal oopstel vir die belangrikheid van daaglikse, weeklikse, maandelikse en jaarlikse tye van verkwikking, soos in U wet uiteengesit (Lev. 23). Dankie dat U die rus gee en dat herstel tydens hierdie tye van verkwikking intree (Matt. 11:29; Hand. 3:19; Ps. 19:8).

Dankie dat my man ons gesin op Sabbatte kan lei om in U Woord en in gebed saam tyd te spandeer, sodat ons as gesin in kennis en insig kan toeneem (Spr. 3:13, 16). Dankie dat U weë lieflike weë is wat vrede bring (Spr. 3:17).

Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus, die Here van die Sabbat. Amen.

(Bron: *Goddelike Patroon*, deur Adrian Ebens; *Fontein van Seën*, Adrian Ebens and K. Mullins)

*Ek het aan hulle my voorskrifte gegee en my bepalings aan hulle bekend gemaak, sodat elkeen wat daarvolgens optree, in die lewe sou bly. Ek het ook my sabbatte aan hulle gegee om vir hulle 'n teken te wees van die verhouding tussen hulle en My, en sodat hulle sou weet dat Ek, die Here, hulle geheilig het. – Esegiël 20:11-12. AFR83.*

*Daarom is die Seun van die mens Here óók oor die sabbat.*
*– Markus 2:28, AFR83.*

*As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek. – Jesaja 58:13-14, AOV*

## 11. Die Wet van God: Eer jou Vader en jou Moeder

*Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee. – Eksodus 20:12, AFR83.*

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie dat ons U kan eerbiedig as ons hemelse Vader, dat ons in U teenwoordigheid rus en troos kan vind.

Help my man om U ontwerp, soos gesien in die nederige onderdanigheid van die Gees van Christus, te verstaan. Help my man om ons kinders te leer omtrent hierdie beginsel van nederige onderdanigheid aan ons, hul ouers. Ek vra dat U hom sal help om swak gewoontes van die verlede, wat direk of

indirek oneer aan sy ouers gebring het, te oorwin. Vergewe my waar ek my man, die gesag in my lewe, in oneer gebring het. Vergewe my waar ek sy ouers nie geëer het nie. Dankie vir U vergifnis, en help my om my gewoontes te verbeter op ‘n manier wat eerbied en aanbidding bring aan U en U Naam (U karakter). Wys my man hoe om op ‘n liefdevolle manier sy optrede teenoor sy ouers reg te stel, veral wanneer daar woorde gewissel word waarin hy verskil van sy ouers.

Wys hom hoe om die gesag in ons gemeenskap, by die werksplek en tussen sy kollegas te eerbiedig. Help hom om op 'n gepaste manier te reageer as hy onreg aangedoen is, en help hom om sy eie foute te erken voordat hy ander beskuldig. Vul sy hart met die sagmoedige Gees van Christus, soos van ‘n gewillige dienskneg wat Christus gedemonstreer het tydens sy aardse bediening (Ef. 6:5-9). Dankie dat U saam met hom die pad betree as hy appèl moet aanteken teen sy owerhede, indien hulle hom te na gekom het. Dankie vir die wysheid in Christus wat U voorsien (Spr. 1:20-33).

Dankie dat U my bystaan wanneer ek aan ons kinders die voorbeeld van eerbied teenoor hul vader as leier in ons huis stel. Dankie vir U wysheid en krag.

Dankie dat U aan my man duidelikheid gee oor die verhouding tussen rustige sabbatsonderhouding en eerbied aan ouers. Dankie vir U beginsels van eerbied aan ouers en gesag, wat gemotiveer word deur die rus in Christus in ons lewens (Spr. 14:27).

Ek vra hierdie dinge in die Naam van U Seun, Jesus Christus. Amen.

## Grootste en kosbare beloftes

*Kleinkinders is vir oumense 'n trots; vaders is vir hulle seuns 'n sieraad.*
*– Spreuke 17:6, AFR83*

*“Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en sy wil doen. Die vrug van jou arbeid sal jy geniet, gelukkig en voorspoedig sal jy wees. Jou vrou is in jou huis soos 'n vrugbare wingerdstok, jou seuns is rondom jou tafel soos jong olyfboompies! Kyk, so word die man geseën wat*

*die Here dien. Mag die Here jou seën uit Sion, … al die dae van jou lewe, en dat jy jou kindskinders mag sien. Mag daar vir <ons huis> vrede wees! – Psalm 128:1-6, AFR83.*

## 12. Die Wet van God: Jy mag nie Moord Pleeg nie.

*Jy mag nie moord pleeg nie. – Eksodus 20:13, AFR83.*

Daar is baie bybelverse wat met hierdie lewe-gewende beginsel (Jy mag nie moord pleeg nie) teenstrydig is. In hierdie verse lyk dit of die Here opdrag gee dat mense gedood (of verslaan) word. Sonde het gemaak dat ons glo dat God gewillig is om indien hulle nie gehoorsaam is aan Sy wil nie, mense se lewens te neem. Hierdie stellings is in stryd met die nuwe gebod wat Jesus Christus ons gegee het, "… dat julle mekaar moet liefhê." (Joh. 13:34). Jesus het aangehaal uit die Ou Testament ("…jy moet jou naaste liefhê soos jouself." – Lev. 19:18). Jesus het bygevoeg dat Hy aan ons gedemonstreer het hoe om God en ons naaste lief te hê, "Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê." (Joh. 13:34). Om hierdie oënskynlike teenstrydighede op te los, is nie maklik vir ons as sondaars nie, want ons gemoedere is gevul met die verkeerde idees omtrent God, naamlik dat Hy as gevolg van die sondaar se misdade sy se lewe neem. Laat ons ons hemelse Vader vertrou dat ons mans 'n duidelike beeld sal kry van die ware beginsels van lewe en dood, sodat ons mans ons kan lei na beter insig oor die liefde van God vir ons.

*Jesus sê, … Wie My sien, sien die Vader. – Johannes 14:9.*

Ons Vader wat in die hemel is

Dankie dat U die fontein van lewe is (Ps. 36:10). Dankie dat ons daardie fontein ontvang deur U Seun, Jesus Christus (Joh. 6:57). Dankie dat U ons nooit enige skade in U benadering tot ons wil aandoen nie. Dankie vir die genadige weg na herstel wat U met elkeen van ons stap wanneer ons ongeregtigheid in ons lewens toegelaat het. (Spr. 3:11, 12)

Ek vra dat U in die hart van my man met hom spreek en sy gemoed oopmaak vir ‘n duidelike beeld van U beginsels van lewe en dood, dat U getrou is aan U eie wet en karakter, dat U nooit lewe neem nie. Help hom om U agape karakter in die Skrif te sien en om dit te demonstreer en met duidelikheid te kommunikeer na die res van die gesin.

Ek vra dat U aan my man sal toon dat die mens wat kwaad word, nooit geregtigheid bewerk nie (Jak. 1:20, AOV), maar dat dit die dood kan bring (Matt. 5:21, 22). Ek vra dat U U toorn aan my man sal toon, hoe U U beskerming van ons onttrek wanneer ons wegdraai van U deur U raad te verwerp, en dat U weer beskerming verleen sodra ons terugdraai na U in bekering en gehoorsaamheid (Ps. 32, veral Ps. 32:10). Ek vertrou U dat my man die toorn van God in sy ware inhoud sal verstaan, sowel as U vergifnis, sodat sy eie karakter en toorn na U s’n gevorm sal word, om alle menslike toorn te verwerp (Rom. 12:19-21).

Dankie vir U agape liefde, en dat daar geen boosheid in U is nie. Dankie vir U vergifnis (aan beide myself en aan my man) vir die vorige idees wat ons van U gekoester het. Help ons om as egpaar nader aan U agape liefde te groei, sonder enige bitterheid, vyandigheid of afsku.

Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

## Grootste en kosbare beloftes

*“Ek het vandag die lewe en die voorspoed, die dood en die teenspoed aan jou voorgehou. As jy die Here jou God liefhet… sal jy lewe… en sal die Here jou God jou voorspoedig maak … ek [het] die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe… die Here jou God… sal vir jou lewe gee …” – Deuteronomium 30:15, 16, 19, 20.*

*U is goed, Here, U vergewe altyd weer, U is getrou teenoor dié wat na U roep om hulp. – Psalm 86:5, AFR83.*

*U is die bron van die lewe, deur u lig lewe ons. – Psalm 36:10, AFR83.*

*Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet. – Openbaring 21:6, AFR83.*

*Wie die Here dien, vind daarin 'n bron van lewe; dit laat jou die strikke van die dood ontkom. – Spreuke 14:27, AFR83.*

## 13. Die Wet van God: Sy Huwelik

*Jy mag nie egbreuk pleeg nie. – Eksodus 20:14, AFR83.*

*Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."… Toe sê die mens: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy 'vrou' genoem word; sy is uit die man geneem." Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word. – Genesis 2:18, 23, 24, AFR83.*

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie vir hierdie wonderlike man wat U in die huwelik aan my gegee het. Ek vra dat ons albei respek vir die huwelik en die heiligheid daarin sal hê. Help ons om hierdie kosbare geskenk na waarde te ag en daarna om te sien.

Lei hom deur alle versoekings heen na oorwinning, verlos hom van die bose, spesifiek die internet, pronografie, ander vroue, dwelms, finansies en ander versoekings (noem spesifieke dinge) wat 'n muur tussen ons oprig en ons huwelik skade aandoen (Matt. 6:13).

As daar in die verlede ander verhoudings buite ons huwelik was, vra ek dat U ons bewaar van die foute en herinneringe van die verlede, sodat dit nie herhaal word nie.

As daar fout kom, vra ek vir 'n geheiligde kanaal van kommunikasie tussen ons. Help my om hom te benader met die onderdanige Gees van Christus. Ek vra dat U my wys op my foute. Ek vra vir 'n gees van bekering by albei van ons, sodat ons U volle vergifnis aan ons kan ervaar (Matt. 6:14, 15). Dankie vir die sonde-vergifnis wat U in oormaat aan ons skenk (1 Joh. 1:9). Dankie vir U weë

van herstel en genesing. Help ons om hand-aan-hand na U, ons hemelse Vader terug te kom, al moet ons die harde gevolge van foute in die verlede dra.

Dankie vir die voorbeeld wat Jesus Christus aan ons stel, toe Hy Sy lewe gewilliglik aan die kruis gegee het sodat ons kan sien dat vergifnis moontlik is, en dat versoening gedoen kan word, dat verhoudings met U en met mekaar herstel kan word.

Hemelse Vader, daar was in die verlede van tyd tot tyd dinge wat ons aan mekaar afgedwing het in ons verhouding. Ek vra dat U aan myself en aan hom die bron hiervan sal toon, sodat ons uit hierdie sondige gewoontes kan groei. Help ons om U as Vader te verstaan, dat U nooit enigiets, vir enige rede, op ons afdwing nie, sodat ons as egpaar in liefde volmaak kan staan (1 Joh. 4:18).

Help ons om elkeen sy vertroosting te vind in Christus, ons ware Trooster, sodat ons mekaar van hierdie verwagting onthef (1 Joh. 2:1).

Ek vertrou dat magtige engele my man sal omring, om die kragtige aanslae van ons gevalle natuur teen te staan. Ek vra dat ons albei groot mates van vrede, vreugde, liefde en rus in ons huweliks sal vind – daardie heilige plek waar ons die rumoer en konsternasie van die wêreld om ons kan uitskakel.

Mag ons na mekaar omsien, mag ons ons huweliksbeloftes onthou, asook die vreugdevolle hoop om ‘n lewe saam voluit te leef deur al die lewensuitdagings deur – om in liefde en respek vir mekaar te groei. Hernu die gees van energie en hoop. Skenk ons die gebed van ons hart – dat die volwassenheid van ons liefde vir ander ‘n seën sal wees. Mag ons huwelik getuig van die wonder van U herstellende krag, U genade en U goedheid teenoor ons.

Ek bid dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

## Grootste en kosbare beloftes

*Wie 'n vrou kry, vind geluk en geniet die goedheid van die Here. – Spreuke 18:22, AFR83.*

*Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend [‘n geliefde] wees wat nader is as 'n broer. – Spreuke 18:24, AFR83.*

## 14. Die Wet van God: Jy mag nie Steel nie

*Jy mag nie steel nie. – Eksodus 20:15, AFR83.*

*Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan;… Die HERE sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooie van die HERE jou God hou en in sy weë wandel. – Deuteronómium 28:8-9, AOV*

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie vir die seën van al die tydelike dinge wat U op ons as gesin uitstort. Ek vertrou U dat my man ‘n getroue bestuurder van alles wat U aan hom toevertrou, sal wees. Bewaar sy geld en gee hom leiding oor geldspandering. Wys hom die beginsels van tiendes, sodat U die vensters van die hemelse seën kan open (Mal. 3:10). Help hom om geestelike seën na waarde te ag in verhouding tot fisiese seën.

Help my om dankbaar te wees vir dit wat hy voorsien, en om my dankbaarheid op die regte manier na hom te kommunikeer. Help my om wysheid aan die dag te lê in die bestuur van die huishouding se begroting. Stuur U engele om dit wat aan ons behoort, te bewaar.

Help hom om nie te steel nie, wys hom hoe om finansies op ‘n eerlike wyse te hanteer. Waar hy in beheer van finansies gestel word, help hom om ‘n verantwoordelike bestuurder te wees wanneer hy beide sy eie en ander se finansies hanteer. Bewaar hom van die duiwel se versoekings, ook van geldgierigheid, wat die wortel van allerlei kwaad is (1 Tim. 6:10).

Gee aan hom ‘n gesonde balans om geld beskikbaar te stel, aan die een kant, vir die gesin se behoeftes en finansiële beplanning, en aan die ander kant vir diegene wat ons hulp benodig. Gee hom wysheid om ander te help wat werklik in nood verkeer, en gee hom die geleentheid om ook die nodige geestelike bediening te doen wat met finansiële ondersteuning gepaard gaan.

Indien ons as egpaar ooit deur ‘n Jobs-ondervinding gaan, wanneer ons aardse besittings gestroop word soos herfsblare van ‘n boom af, wees by ons en help ons om ons oë op U goeie karakter van seën te hou.

Dankie vir al die seëninge wat U daagliks aan ons gee, in die Naam van U Seun, Jesus Christus. Amen.

### Grootste en kosbare beloftes

*Die jong leeus ly armoede en het honger; maar die wat die HERE soek, het geen gebrek aan enigiets nie. – Psalm 34:11, AOV*

*Niemand kan ooit ‘n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie (want die losprys van hulle lewe is te kosbaar en vir ewig ontoereikend)… wyse manne sterwe, … en laat hulle vermoë aan ander na. – Psalm 49:8-11, AFR83.*

## 15. Die Wet van God: Jy mag nie Vals Getuienis Gee nie

*Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. – Eksodus 20:16, AFR83.*

Ek het laat in my lewe geleer van die groot verskeidenheid maniere waarop leuens vertel kan word, en ek was, om die minste te sê, geskok. Ek het nooit besef dat grappe ook as leuens beskou kan word nie, want ons sê baiemaal dinge wat ons nie bedoel nie, veral spottenderwys, wat doodeenvoudig onwaar is. Die Here wil hê dat ons ons gedagtes en woorde suiwer van dinge wat nie waar is nie, sodat ons geseën kan word wanneer waarheid oor ons lippe kom.

Die dinge wat ons glo van God is ook baiemaal deurspek met onwaarhede. Die vyand bring leuens vorendag wat, wanneer ons dit glo, ons wegkeer van die waarheid af. Die eerste sonde het ontstaan vanuit ‘n eenvouding leuen: “Julle sal beslis nie sterf nie.” (Gen. 3:4). Laat ons die Here vertrou dat ons

mans die waarheid wat hy lees in die Woord van God, sal aanhang, sodat hy, deur die Gees van Christus, die gesin in alle waarheid kan lei (Joh. 16:13).

Ons Vader wat in die hemel is,

U het ons gemaak met stemme om ons gedagtes uit te druk. Help my man (en myself) om ons gedagtes uit te druk nadat dit deur ‘n goddelike sif is, deur ‘n wag voor ons monde te stel (Ps. 141:3).

Mag U verhoed dat my man ooit saad van ongeloof saai deur die woorde wat hy spreek. Help hom om nie ‘n bespotting van ander te maak nie, weerhou hom van wanvoorstelling, van kritiek en veroordeling van ander. Mag sy karakter sodanig groei dat hy woorde van lewe, van ondersteuning en aanmoediging mag spreek. Weerhou hom van grappe wat ander afkraak. Leer hom hoe om dinge te beskryf sonder om te oordryf, sodat geen onwaarheid deur hom gespreek word nie. Mag geen bedrog in sy mond gevind word nie (Open. 14:5). Help my om hom te ondersteun (sonder om hom teen te staan) wanneer hy poog om slegs rein woorde gebruik.

Gee aan hom die kommunikasievermoë om liefde in waarheid te spreek, dat dit op die tafel van sy hart geskryf word (Spr. 3:3) sodat hy genade sal vind, asook insig in die oë van God en die mense (Spr. 3:4).

Ek vra dat U aan hom die nodige insig omtrent die eerste leuen in die tuin van Eden gee, wat aandui dat ons lewe dra in onsself (Gen. 3:4; Gen. 2:17). Dankie dat die lig van die Woord duidelike lig bring oor die vals beloftes van sondes, wat altyd uitloop op die dood (Rom. 6:23; Spr. 14:12). Dankie dat hy totaal afhanklik van U kan wees, sodat hy duidelik kan begryp hoedat U ons seën, deurdat ons voortdurend lewe van U ontvang.

Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus, want Hy is ons Weg, ons Waarheid en ons Lewe (Joh. 14:6). Amen.

## Grootste en kosbare beloftes

*Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag. – Psalm 25:5, AOV*

*Liefde en trou [waarheid] is die paaie wat die Here bewandel met dié wat sy verbond en verordeninge bewaar. – Psalm 25:10, AOV*

*<u>Stuur u lig en u waarheid; laat dié my lei</u>; laat dié my bring na u heilige berg en na u woninge. – Psalm 43:3, AOV*

*Leer my, HERE, u weg: ek sal in u waarheid wandel; verenig my hart tot die vrees van u Naam. – Psalm 86:11, AOV*

*Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. – Joh. 14:6, AOV*

*Die oudste en aansienlike, dié is die kop, en die profeet wat leuens profeteer, dié is die stert. – Jesaja 9:14, AOV*

*En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen. – Deuteronómium 28:13, AOV*

## 16. Die Wet van God: Jy mag nie Begeer nie

*Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie. – Eksodus 20:17, AFR83.*

Die Here belowe ons in Sy Woord dat Hy ons sal seën, want Hy is die bron van alles wat ons besit. Die geloof dat ons alles wat ons besit van God ontvang, maak dit heeltemal onnodig om enigiets wat aan ander behoort, te begeer. Laat ons God vertrou dat ons eie begeertes en dié van ons mans ooreenkom met God se begeertes vir ons.

Nadat ek begin verstaan het dat God AL ons behoeftes bevredig, het ek begin om die idee van *gelykheid* te heroorweeg – ons verdeel nie dinge gelykop tussen ons nie, maar ons deel eerder onder mekaar volgens elkeen se behoeftes, want ons ontvang oorvloediglik alles wat ons nodig het van ons

hemelse Vader. Laat ons God vertrou dat hierdie unieke beginsels duidelik aan ons mans oorgedra word.

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie dat U aan ons alles voorsien wat ons nodig het. Help my man om U geestelike seën te ontvang, en so ook die fisiese seën, sodat hy ‘n getroue bestuurder van wat U voorsien, sal wees. Vergewe ons as egpaar dat ons U nie vertrou nie, maar dat ons ons oë op die wêreld plaas en begeer wat hulle besit. Dankie vir U volle vergifnis.

Help my man om U te vertrou vir die gesin se behoeftes, dat hy dit onnodig sal vind om te begeer wat aan ander behoort, wat mag lei daartoe dat hy homself oorwerk om wat hy meen “genoeg” is aan die gesin te voorsien. Help my om binne die grense van my man se voorsiening te leef.

Help hom om raak te sien waar ander werklik in nood verkeer, sodat hy met wysheid kan optree. Help hom om gebruik te maak van die geleentheid om ook op geestelike gebied te bedien, saam met fisiese seën. Gee aan hom U Gees, sodat hy ander maklik seën.

In swaar tye van skrapse voorsiening in die huishouding, vra ek dat U ons as gesin sal lei om meer waarde te plaas op geestelike seën as fisiese seën. Help ons om na U op te kyk vir al ons behoeftes (geestelik en fisies), en nie na die wêreld nie. Help hom om die ware pad van nederigheid te stap as hy voorsiening van ander ontvang, dat hy dit met groot dankbaarheid sal doen. Help hom om in sulke omstandighede die kanaal van seën, wanneer U ander in hul hart oortuig om ons te seën, te waardeer.

Dankie vir alles wat U ons gee. Ek bid dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

## Grootste en kosbare beloftes

*Verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart. – Psalm 37:4, AOV*

*Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. – Fillipense 4:6, AOV*

*Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.*
*– Matteus 7:7-8, AFR83.*

## 17. Wegbreek van Veroordeling van Ander

*Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie; met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word. – Matteus 7:1-2, AFR83.*

*Self veroordeel die Vader niemand nie… – Johannes 5:22, AFR83.*

*Daarop sê Jesus …Ek oordeel oor niemand nie. – Johannes 8:14, 15, AFR83.*

*En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos.*
*– Johannes 3:19, AFR83.*

Een van die grootste openbarings aan my was dat die Vader in die hemel ons nie veroordeel nie, en die Seun van God veroordeel ons nie, wat aandui dat God se oordeelstelsel totaal anders as ons oordeelstelsels is. (Dit het baie ure van studie in die Woord van God geverg om my hiervan te oortuig.) Indien ons ‘n god aanbid wat, volgens ons geloof, die aarde en sy inwoners sal oordeel en veroordeel, sal ons ook so maak – deur aanskouing en aanbidding word ons soortgelyk. Dit was vir my ‘n groot stap om my standaarde van oordeel en veroordeling te verwissel, sodat ek my hemelse Vader op ‘n totaal ander

manier benader. Laat ons God vertrou om ons mans die nodige geestelike insig te gee, sodat hy ons gesin kan lei langs die weg van “geen veroordeling nie.”

> *Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.*
> *– Romeine 8:1, AOV*

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek wil U dank vanuit die diepte van my hart, dat U ons nooit veroordeel nie (Joh. 5:22); dat U Seun ons nooit oordeel nie (Joh. 8:15) en dat U oordeel totaal anders as ons s’n is (Joh. 3:19). Ek loof U dat U hierdie dinge stelselmatig aan ons bekend maak. Ek vra vergifnis vir my swak geestelike insig wat sukkel om hierdie dinge te begryp. Ek vra dat U hierdie dinge aan my man openbaar, op so ’n manier dat ek van hom daaromtrent kan leer. Indien my man nie belangstel hierin nie, wys my hoe om op te tree in die sagmoedige en onderdanige Gees van Christus, sodat ek daagliks my kruis opneem (Gal. 2:20), om dag vir dag te sterf (1 Kor. 15:31, AOV).

Wys hom die paaie van geregtigheid wat in U wet uiteengesit is (Ps. 119:144). Help hom om te sien dat waar sonde meer geword het, het genade nog meer oorvloedig geword (Rom. 5:20). Wys hom die verskil tussen die wêreld se oordeelstelsel en U oordeelstelsel. Help hom om te verstaan dat die wêreld se oordeel sy ontstaan vind in sonde en in die mens, en nie in U nie (Rom. 5:16). Help hom om U weë van versoening te verstaan.

Help hom om insig te verkry in U oordeelstelsel, om U voorbeeld te volg, volgens U Woord, sodat hy kan wegbreek van veroordeling van ander (Rom. 2:1). Help hom om die sonde in ander te identifiseer en dit aan te spreek soos wat Christus dit doen (1 Tim. 5:1,2). Dankie dat ek U kan vertrou om met U nie-veroordelende wyse aan my te toon waar ek steeds my man veroordeel. Vergewe my daarvoor, en help my om daaruit weg te breek. Dankie vir U vergifnis.

Ek vra dat my man wegbreek daarvan om homself te veroordeel, om homself onwaardig van enige seën te ag. Dankie dat U oneindige waarde aan hom heg, aangesien hy ‘n geliefde seun van U is in wie U ‘n welbehae het.

Dankie dat ons as egpaar saam na U aanbiddingstroon kan kom, en U aanbid as ‘n nie-veroordelende God, sodat ons uiteindelik uit alle veroordeling van ander kan wegbreek.

Ek bid dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Die Innigheid van God*, deur Gavin Devlin; *Volgens Jou Oordeel*, deur Adrian Ebens)

## Grootste en kosbare beloftes

*En as iemand na my woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red. – Johanes 12:47, AOV*

*Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie... – Johanes 3:17-18, AOV*

## 18. Vaardigheid in Kommunikasie

*Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat. Elke môre … laat [Hy] my luister soos 'n leerling moet luister. Jesaja 50:4, AFR83.*

Laat ons God vertrou om ons mans in Sy manier van kommunikasie te onderrig, wat moontlik totaal van ons manier van kommunikasie mag verskil.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek vra dat U in my man die talent van kommunikasie op ‘n goddelike wyse sal ontwikkel. Help hom om na U te luister en U manier van kommunikasie aan te leer. U belowe, deur Jesus ons Messias, dat U hom sal leer om die regte woorde op die regte tyd te spreek, en dat hy sal luister soos ‘n leerling (Jes. 50:4).

Weerhou my man daarvan om verkeerde uitdrukkings, wat verkeerd opgeneem kan word, te gebruik. Stel ‘n wag voor sy mond (Ps. 141:3) sodat geen vuil taal gespreek word nie, maar eerder woorde wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit sy hoorders ten goede kan kom (Ef. 4:29). Help hom om aanmoedigend teenoor almal op te tree.

Vervul sy hart met die liefde van God, sodat dit ook in sy gesprekke sal weerspieël word. Help hom om te verstaan dat dit maklik is om te kommunikeer wat hy in sy hart omdra. Ek bid dat my man edele aspirasies, duidelike persepsies van waarheid, onselfsugtige oogmerke, verlange na reinheid en heiligheid in sy hart sal dra, sodat dit goddelike vrug sal dra in woorde wat hy spreek.

Dankie dat U aan my man die voorbeeld van U Seun gee om na te volg, om woorde van waarheid in liefde te spreek, sodat die harte van sy hoorders na U toe aangetrokke sal wees. Bo alles wil ek U dank dat U aan my man die nodige takt en agape liefde sal gee, sodat hy die evangelie aan ander om hom sal bring deur die woorde wat hy spreek.

Ek vra dit in die Naam van U Seun, Jesus Christus. Amen.

(Bron: *Die Gelykenisse van Christus*, Hoofstuk 25, Talente – Spraak*; Christ Object Lessons*, Chapter 25: Talents – Speech)

## Grootste en kosbare beloftes

*Toe sê Moses vir die Here: “Ag, Here, ek kan nie goed praat nie; ek kon nie vroeër nie en ek kan ook nie nou, hier waar U met my praat nie. Ek praat swaar, en my tong sukkel.” Daarna sê die Here vir hom: … Gaan nou, Ek sal jou help met die praat en jou leer wat jy moet sê.”- Eksodus 4:10-12, AFR83.*

*My tong sal nie stil word oor u trou nie, dag vir dag sal ek U loof. – Psalm 35:28, AFR83.*

*Wat die regverdige praat, is wysheid, wat hy sê, stem ooreen met die reg. – Psalm 37:30, AFR83.*

*Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees. – Psalm 139:3, 4, AFR83.*

## 19. ‘n Vaderfiguur vir sy Kinders

Ons mans besef dat hul kinders ‘n vader soos ons hemelse Vader nodig het, en dat hulle nie so is nie. Nogtans is dit hul hartsbegeerte om ‘n goeie pa vir hul kinders te wees (Ps. 37:4). Laat ons God vertrou vir hul behoeftes as vaders.

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie dat U aan ons die volmaakte voorbeeld stel deur die wyse waarop U ‘n vader vir U Seun Jesus Christus is. Dankie vir U gerusstellende woorde: “Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het.” Matt. 3:17, AOV

Wanneer die kinders groter word en bewus word van hulle onsekerhede en sondeskuld, gee my man die standvastigheid om aan hulle ‘n goeie identiteit oor te dra, dat hulle sal weet dat hy hulle waardevol ag, net omdat hulle in ‘n verhouding met hom staan en nie op grond van enigiets wat hulle gedoen het om sy liefde te verdien nie. Help hom om 'n doelgerigtheid in die lewe aan sy kinders oor te dra, om aan hulle 'n rede vir hul bestaan te verskaf (Spr. 17:6). Dankie dat hy U voorbeeld uit die hemel net so kan toepas wanneer hy wag op U en bid tot U (Ps. 34:12).

Wanneer ons kinders die grense van wat reg is in ons huis oorskrei, help hom om die grense weer in plek te stel en met U genade te herstel wat herstel moet word. Help hom om saam met die kinders die pad na herstel te stap. Wys hom hoe om hulle in die weë van geregtigheid te lei (Spr. 22:6).

Indien daar enige vervreemding plaasvind tussen hom en een van die kinders, vra ek vir volkome herstel. Ek vra vir goddelike inspraak en helderheid omtrent die waarheid en die beginsels ter sprake in die gebeure. Ek vra dat U sy hart tot sy kind sal terugbring, en ook die hart van die kind tot hom as vader,

sodat enige vernietiging, as gevolg van vervreemding, totaal uit die weg geruim word (Mal. 4:6, AOV).

Dankie dat U aan hom die bekwaamheid gee om woorde van genesing, seën en troos aan sy kinders te spreek. Dankie dat U hom die nodige insig in die kommunikasie tussen hom en sy kinders verskaf; dankie dat hy vanuit U goddelike wysheid kan reageer, sodat wêreldse wysheid onnodig is. Dankie dat U die nodige takt gee, sodat hy 'n geur van lewe aan sy kinders kan bring (2 Kor. 2:16).

Ek vra hierdie dinge in die Naam van Jesus Christus. Amen.

### Grootste en kosbare beloftes

*Kindskinders is 'n kroon vir grysaards, en vir die kinders is hulle vader 'n eer. – Spreuke 17:6, AOV*

*Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. – Psalm 103:13, AOV*

*Ek het aan julle geskrywe, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is … en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het. - 1 Johannes 2:14, AOV*

*Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is. – Matthéüs 5:48, AOV*

## 20. Verhoudings met Ander

Ons hemelse Vader het ons in verhoudings met mekaar geplaas. Hierdie is een van ons kosbaarste bronne van seën. Hy gee aan ons dierbare familie en vriende, selfs al sien ons mekaar net af en toe. Geen geld kan 'n kosbare skat van mooi herinneringe koop nie. Die duiwel sal enigiets doen om hierdie kosbaarhede te vernietig, en hy kry dit geredelik reg met ons sondige natuur. Laat ons ons hemelse Vader vertrou vir die beskerming van hierdie kosbare verhoudings, wat geskenke uit die hemel is.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek bid dat my man strome van seën sal uitgiet na al die gesinslede, asook sy vriende en ander familielede, kollegas, en ook sy vyande. Mag hy ‘n oormaat van genade ontvang van U om verniet uit te deel aan ander (Matt. 10:8).

Wanneer ander hom nie goed behandel nie, wanneer negatiewe gevoelens teenoor ander in hom opwel, mag hy aan U dade van genade en goedheid teenoor alle mense herinner word, U wat altyd geduldig wag dat ons na U terugkeer, en nooit Uself op ons afdwing nie (Num. 14:41). Help my man om U hart van medelye raak te sien wanneer ons van U wegdraai en U die vyand moet toelaat om sy vernietigende werk te doen (Hos. 11:8). Dankie vir U groot genade wat hom toelaat om in uitdagende omstandighede op ‘n goddelike manier te reageer, veral as dit kom by sy verhoudings met ander.

Mag die krag van my man se karakter uitdrukking vind op U sagmoedige wyses, mag sy swakheid bedek word deur U krag, mag sy woorde U beloftes oordra en mag sy oë warm en gevoelvol uit deernis vir almal wees.

Dankie vir die wysheid en moed wat U aan hom gee, sodat hy ander kan seën. Dankie dat U hom wys hoe om met U Gees van diensbaarheid in posisies van leierskap te staan.

Ek bid dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

## Grootste en kosbare beloftes

*Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon! Dit is soos reukolie wat van die kop af in die baard afloop, die baard van Aäron, af tot by die soom van sy klere. …Waar broers so saam woon, skenk die Here sy seën: 'n lang, lang lewe. – Psalm 133:1-4, AFR83.*

## 21. Sy Intieme Lewe

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek dra hierdie sensitiewe en private deel van ons lewe as huweliksegpaar aan U op. Ek vra dat U ons fisiese verhouding sal bewaar en seën. Beskerm ons van die wêreld se mis-informasie hieromtrent. Lei ons op die pad na waar ons geestelike eenheid die fisiese verhouding voed. Help ons om mekaar se behoeftes in ag te neem. Help beide van ons om ons unieke behoeftes na U te neem, sodat ons mekaar met die hemelse troos wat U gee, vertroos.

Hemelse Vader, ek benodig U wysheid in my alledaaglikse kleredrag en my optrede teenoor my man. Help my om weg te breek van die wêreld se aantrekkingskrag, weg van uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere. Help my om skoonheid te plaas in die innerlike mens: blywende beskeidenheid en kalmte van gees, want dit het groot waarde by U (1 Pet. 3:3-5). Help my om daagliks kuis, fatsoenlik en smaakvol aan te trek, sodat ek U heerlikheid weerspieël.

Beskerm my man wanneer hy blootgestel word aan musiek en videos. Help hom om altyd aan die inspraak van U Gees gehoorsaam te wees, om soos Christus te wees wanneer hy met ander omgaan (1 Kor. 2:16). Help hom om te verstaan dat U hom nooit veroordeel vir wellustige gedagtes nie (Joh. 5:22), maar dat U plan van verlossing hom daarvan verlos. (Joh. 8:11; Jes. 33:22). Help hom om die skeidsmuur tussen U en hom, opgerig deur owerspelige gedagtes, te eien, om te sien hoe dit U hart breek (Jes. 59:2) en hoe sonde-belydenis hierdie muur weer kan afbreek (1 Joh. 1:9).

Help ons as egpaar om die regte geestelike grondslag vir ons fisiese eenheid te lê. Dankie dat ons dit kan sien as ‘n platform vanwaar ons die aarde kan seën met kinders wat ‘n goddelike karakter dra, sodat U Naam vereer word. Dankie dat ons fisiese eenheid vir ons elkeen ‘n troos en seën inhou, sodat ons aan ons kinders troos en seën kan oordra.

Dankie dat ons (as egpaar) gemaak is na die beeld van die hemelse gesin, die Vader en die Seun. Dankie vir U goddelike karakter van onselfsugtige liefde, genade en vrede wat U in ons verhouding bring, sodat ons dit aan die volgende geslag kan oordra.

Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.
(Bron: *Trooster*, deur Adrian Ebens.)

### Grootste en kosbare beloftes

*Jy het tog self 'n vrou, jy het tog self 'n put met water: drink die strome uit jou eie fontein. Moet jou fonteine dan ook die wêreld vol loop, jou strome water oral heen vloei? Hulle is tog net joune, en jy sal hulle nie met 'n ander wil deel nie. Sing die lof van jou eie fontein, verheug jou oor jou eie vrou, so vol liefde, so mooi soos 'n takbok, soos 'n ribbok. Geniet voluit van haar liefkosings, laat dit jou deurentyd bedwelm. – Spreuke 5:15-19, AFR83.*

## 22. Sy Insig in die Woord van God

God het Sy Woord in geskrewe formaat aan ons voorsien, sodat ons die waarheid kan leer ken wanneer ons daaruit lees. Dit kommunikeer na mense in verskillende kulture, verskillende eras en verskillende kontinente.

*Hy [Jesus] antwoord hom [‘n wetgeleerde]: Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy? – Lukas 10:26, AOV*

Die vraag wat Jesus hier stel, is nie ‘WAT lees jy?’ nie, maar eerder ‘HOE lees jy?’ Jesus het navraag gedoen omtrent HOE hy die Woord van God verstaan. Die hele Skrif is deur God ingegee (2 Tim. 3:15-17), maar die manier hoe ons dit verstaan, word nie deur God gedikteer nie. Laat ons tot God bid om aan ons mans goeie insig in die Woord van God te gee, sodat hy hierdie waarhede met helderheid aan die gesin kan oordra.

Ons Vader wat in die hemel is,
My gebed is dat my man die waarheid, wysheid, tug en verstand, soos uiteengesit in U Woord, sal koop en nie verkoop nie (Spr. 23:23). Help hom om

moontlike verwarring, wat somtyds lei tot leuens oor U Woord, te identifiseer. Help hom om die woord van die waarheid reg te sny (2 Tim. 2:15, AOV). Wanneer hy die Woord lees en dinge daaruit leer, help hom asseblief om nader aan U te groei, sodat sy lewe op hierdie waarhede geskoei sal wees (Joh. 17:3). Reinig die bedoelings van sy hart terwyl hy die Skrif bestudeer.

Ek bid dat ek en my man in eenheid sal wees as ons die Woord saam bestudeer. Help my om oop en onderdanig aan sy leierskap te wees, ook met betrekking tot hierdie onderwerp, sodat ek nie aan hom voorsê nie. Help my om sy insig en oortuigings te respekteer. Vergewe my waar ek in die verlede hierin gefaal het. Dankie vir U volle vergifnis.

Dankie dat U sy geloof bou wanneer hy U Woord lees en bestudeer, sodat hy deel kan kry aan die saligheid (1 Pet. 1:9). Dankie dat U Woord, wat U waarheid is, hom heilig (Joh. 17:17). Mag die waarde wat hy uit Bybelstudie put, verhoog (Matt. 4:4).

Ek bid hierdie dinge in die Naam van Jesus Christus. Amen.

## Grootste en kosbare beloftes

*Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het. – Hebreërs 13:7, AFR83.*

*En Hy sê: … salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar. – Lukas 11:28, AOV*

*… die woord van God kan nie geboei word nie. - 2 Timoteus 2:9, AFR83*

*… Ek het vir julle geskrywe … omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het. - 1 Johannes 2:14, AFR83*

## 23. Sy Gebedslewe

Ons Vader wat in die hemel is,

Mag U Naam geheilig word, ook wanneer my man eenkant gaan om tyd met U te spandeer. Ek bid dat hy sy lewe so sal inrig dat daar altyd tyd is om in U teenwoordigheid te kan kom (Ps. 86:3). Mag hy sy smekinge in gebed na U bring met die volle wete dat U hom verhoor (Hebr. 11:6).

Gee hom 'n verlange om saam met U te wees waar U is, in die hemel (Deut. 26:15; 1 Kon. 8:27). Mag U luister na sy hulpgeroep (1 Kon. 8:28). Dankie vir U vergifnis aan elkeen wat gebroke en verslae van gees is, ook aan my man (Ps. 34:19; 1 Kon. 8:30).

Wanneer my man sy versoeke na U bring, luister tog uit die hemel, u woonplek, vergeef en gryp in (1 Kon. 8:31-40, AOV). Dankie dat U sy gebede verhoor volgens U vergifnis, en dat U "gee volgens sy weë, U wat sy hart ken—want U alleen ken die hart van al die mensekinders" (1 Kon. 8:39, AOV). My hartsgebed is dat ons as gesin U altyd sal dien, al die dae van ons lewens (1 Kon. 8:40, AOV).

Wanneer hy U waarheid oordink, voed sy siel met die Brood van die Lewe (Joh.6:35).

Dankie vir die genesing in U vergifnis (Luk. 7:47,48).

U oordeel hom nie (Joh. 3:17; 5:22), en my gebed is dat hy al sy versoekings in U teenwoordigheid sal bring om totaal van sonde verlos te word (Joh. 8:11, AOV).

Vader, net U ken die laste wat hy in hom ronddra en die verwarring wat probleme kan bring. Ek vra dat hy elke dag sy laste en bekommernisse in alle erns aan U sal oorgee, en altyd op U sal vertrou vir die oplossings en om die struikelblokke uit die weg te ruim.

Ek loof U, Vader! Die grootheid, Here, die krag, die glans, die roem en die majesteit behoort aan U, ja, alles in die hemel en op aarde (1 Kron. 29:11). Dankie vir die voorreg dat ek en my man U saam kan loof!

Ek bid dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

(Bron: Matt. 6:9-13)

*Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word. Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word. – Lukas 11:9-10, AFR83*

*As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie... - Jakobus 1:5-6, AFR83*

*Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap. – 1 Petrus 1:8,9 , AFR83*

## 24. Sy Priesterlike en Koninklike Rol in die Gesin

Ons mans staan in die verhoogde posisie van leierskap in ons gesin. Christus is ons Hoërpriester wat aan hom leiding gee. Laat ons hom ondersteun en vir hom bid op ‘n onderdanige wyse, vanuit ‘n hart van liefde en vertroue in ons hemelse Vader.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek kom bid vir my man wat aan die hoof van ons gesin, op geestelike en fisiese gebied staan. Help hom om die beter weg te kies wanneer ons as gesin by ‘n kruispad kom (Spr. 8:2, AOV). Help my om na sy stem te luister en dit na die gesin te kanaliseer (Spr. 8:3-4).

Gee hom skranderheid en verstandigheid om ons kinders in U wysheid groot te maak (Spr. 8:5, AOV). Help hom om van voortreflike dinge, wat reg is, te spreek (Spr. 8:6). Help hom om die waarheid in liefde te spreek, sodat goddeloosheid as ‘n gruwel in ons huis beskou word (Spr. 8:7). Laat elke woord uit sy mond duidelik aan ons as gesin oorgedra word (Spr. 8:8,9). Help ons as

gesin om U tug en kennis deur my man aan te neem (Spr. 8:10). Help hom om die verkeerde dinge, wat soms in ons gesin gebeur, as iets afskuweliks uit te wys – die hoogmoed, die trotsheid en die slinks woorde (Spr. 8:13). Gee aan my man U raad, U beleid, U insig en U sterkte (Spr. 8:14).

Ek vra dat hy sal leiding neem in ons huis as die koning, en dat die seuns in ons huis as maghebbers die reg sal laat geskied (Spr. 8:15). Mag die seuns in ons huis grootword as ware vorste en edeles, met 'n karakter wat kan leiding neem en die reg kan toepas in hul eie omgewing (Spr. 8:16). Dankie dat ons U kan vertrou om liefde in ons huis in te bring; dat wanneer ons U soek, ons U sal vind (Spr. 8:17). Dankie vir U beloftes van rykdom, eer en geregtigheid, wat die geestelike erfenis in Christus is (Spr. 8:17-20).

Dankie vir U belofte om ook om te sien na ons fisiese behoeftes. (Spr. 8:21).

Ek loof die Naam van ons God en ons Here Jesus Christus, ons Prins en Hoëpriester. Amen.

(Bron: Spreuke 8:1- 21)

## Grootste en kosbare beloftes

*En júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel. – Exodus 19:6, AOV*

*Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig. – 1 Petrus 2:9., AOV*

*Laat u priesters bekleed wees met geregtigheid, en laat u gunsgenote jubel. – Psalm 132:9, AOV*

## 25. Sy Leiding tydens Krisistye

Ons leef in die tyd van die einde; krisisse neem toe. Omstandighede bring aan elke gesin unieke probleme. Die gesinsleierskap word daagliks getoets. Laat ons vir ons mans ‘n hulp wees deur in onderdanigheid hom met gebed te ondersteun, met geloof in God se helpende hand, deurdat ons sy besluite en oplossings gedurende uitdagings respekteer en ondersteun.

Dit het al baiemaal gebeur dat ek en my man ‘n ding bespreek om tot ‘n besluit te kom. Ek sien dan die dinge in ‘n totaal ander lig as hy. Ek gee my raad wat dan sy besluit grootliks beïnvloed. Ek kom gewoonlik eers later my foute en sondige gesindhede agter, wanneer die situasie anders uitwerk as wat ons beplan het, veral as dit “in ons gesigte ontplof.” In sulke omstandighede sien ek die parallel tussen Eva, wat die vrug van die boom van kennis van goed en kwaad in Adam se hande geplaas het, en myself, ek met my sonde, veral as ongeduld in my gemoed hoogty vier. Dit is net deur die genade van God dat hierdie gebeure iets van die verlede kan word.

Ons Vader wat in die hemel is,

Ek vra dat U ‘n groot mate van geloof en vertroue op U in my man se gemoed en hart sal plaas, sodat hy gedurende krisisse en rampe met ‘n stabiele geloof sterk sal bly staan. Mag hy vas oortuig wees dat U beslis nie die rampe bring nie. Help hom om die kernprobleem aan te spreek en om U oplossings, wat verligting sowel as karakterbou bring, te implementeer.

Ek vra om vergifnis vir my vreesbevange reaksies in krissestye. Help my om weg te breek van luide uitroepe om reaksie af te dwing, wanneer vrees my hart aangryp in oomblikke van rampe en krisisse. Staan my en my man by sodat ons kan “slaap wanneer ‘n storm woed”, soos Jesus gedoen het gedurende sy aardse bediening.

Help my om hom by te staan gedurende krisistye; bring eenheid en gemeenskaplike insig tussen ons, sodat ons kan saamwerk en nie teen mekaar sal opstaan nie. Help my om my man te vertrou, om sy optrede te verstaan en dit te ondersteun. Vergewe my waar ek die vrug van die boom van kennis van goed en kwaad in sy hande geplaas het. Dankie vir U volle vergifnis.

Dankie dat ons U, HERE kan aanroep in ons benoudheid, want U sal ons red uit ons angste (Ps. 107:6, 13, 19, 28). Mag my man ‘n karakter in hom dra wat hom sal toelaat om na U uit te roep gedurende krisistye. Dankie vir U voorsiening waarin ons ons kan verbly (Ps. 107:42). Dankie dat U aan my man insig in U goedertierenheid sal gee wanneer hy op hierdie dinge ag gee (Ps. 107:43).

Ek vra dit in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.

(Bron: Ps. 107)

## Grootste en kosbare beloftes

*Ek laat die blindes loop op 'n pad wat hulle nie ken nie, Ek laat hulle op paaie gaan wat vir hulle onbekend is. Ek verander die donker voor hulle in lig en Ek maak die ongelyk plekke gelyk. Dit is wat Ek gaan doen, Ek gaan daar nie van afsien nie. – Jesaja 42:16, AFR83*

*Leer my, HERE, u weg: ek sal in u waarheid wandel; verenig my hart tot die vrees van u Naam. – Psalm 86:11, AOV*

*Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie. Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare. Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie. Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd. – Psalm 121.*

## 26. Die dag wanneer hy te ruste gelê word

*“Ons sal almal sterf en soos water wees wat op die grond uitgegooi is en nie weer bymekaargemaak kan word nie. God wil geen lewe neem nie, Hy berei 'n weg om die voortvlugtige nie te verstoot nie.”*
*- 2 Samuel 14:14, AFR83*

Ons Vader wat in die hemel is,

Dankie dat U nie lewe neem nie, maar dat U belowe om die ewige lewe te gee aan die wat hul vetroue in U plaas (Joh. 3:16).

Lei my man langs al sy weë. Hou hom op die nou, reguit pad, wat Jesus reeds bewandel het. Mag hy altyd gereed staan om ons tuiste te seën met sy leierskap, mag hy altyd die wonderlike woorde van die Bybel lees en verkondig. Wanneer sy laaste dae op aarde aanbreek, vul sy gemoed met U lofsange, mag ek altyd by hom staan as sy aardse hulp en metgesel, gebind aan hom met die heilige bande van die huwelik, om saam in U agape liefde te groei, om alles moontlik te doen om U tweede koms te verhaas.

Dankie dat ons as egpaar ons vertroue in U kan plaas, selfs wanneer dit tyd word dat een van ons te ruste gelê word. Mag sy laaste dae vol vrede en liefde en vertroue in U genade wees. Mag sy gemoed gevul word met 'n visie van U tweede koms (Open. 22:12, 13) en met die vredevolle versekering dat hy "reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad." (Open. 22:14).

Mag my man weet in wie hy sy lewe lank geglo het, en mag hy oortuig wees dat God mag het om sy pand (sy siel) te bewaar tot dié dag toe, wanneer Jesus terugkeer op die wolke (2 Tim .1:12).

Ek loof en prys en dank U in die Naam van Jesus Christus. Amen.

## Grootste en kosbare beloftes

*"Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het." – Openbaring 22:12, AFR83*

*"Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." – Matteus 28:20, AFR83.*

# Ek Bid vir My Man

## Volgens die Goddelike Patroon

In Sy genade het God ons teruggebring na die kennis van die Vader en die Seun, na Wie se beeld ons as man en vrou geskape is (Gen. 1:27). Hy wys ons wat *agape* liefde is (liefde wat totaal gestroop is van alle selfsug), wat in skrille konstras is met *eros* liefde (wat altyd selfsugtig optree).

Om die Vader en Sy Seun te aanbid, bring baie veranderinge in die wyse waarop ons die lewe en lewensbeginsels waarneem. Dit bring ‘n verandering in die gemoed, gedagtes en dade, verhoudings en ook in ons gebedslewe.

Laat ons ons hemelse Vader vertrou om ons as egpaar te heilig en te omskep na die beeld van die Vader en Sy Seun, Jesus Christus.